***Vanjaar se tema van Wêreldhumanitêredag is "The Human Race" en werp lig op hoe klimaatsverandering mense se lewens beïnvloed. Daar is bewyse dat die tyd besig is om min te raak. Die Universiteit Stellenbosch (US) het onlangs 'n Skool vir Klimaatstudies gevestig en prof Wim de Villiers, Rektor en Visekanselier van die US, verduidelik die dringendheid van die saak.***

Die wêreldnuus was die afgelope paar dae baie onstellend. Die vernietigende aardbewing en storm in Haïti, voortgesette politieke onrus in Afghanistan, massa-ontruimings in Griekeland weens veldbrande – alles goed wat aan die gebeur is terwyl 'n wêreldwye pandemie voortwoed. Dit voel amper asof die mensdom net nie kan asem skep nie.

Nog onstellende nuus is van die Interregeringspaneel oor Klimaatsveranderinge (IPCC) ontvang. Die paneel se jongste verslag wat 'n paar dae gelede vrygestel is, voorspel niks goeds vir huidige en toekomstige geslagte indien die verwarmingtendense voortduur nie. "IPCC voorspel 'n ramp", het *Forbes* gesê. 'n Verenigde Nasies (VN)-hoof noem dit "'n uiters ernstige waarskuwing vir die mensdom". Dit is "verskriklik", sê *The Los Angeles Times*, en volgens *The Guardian* "bleek". Nie een is verkeerd nie.

Die voortgesette klimaatskrisis en die uitwerking daarvan op mense, was vanjaar die tema van die Verenigde Nasies se Wêreldhumanitêredag wat jaarliks op 19 Augustus gehou word. Hul amptelike verklaring lui: "Terwyl die meeste klimaatsveldtogte daarop fokus om klimaatsverandering te vertraag, sal Wêreldhumanitêredag 2021 die aandag vestig op die onmiddellike gevolge wat die klimaatsnoodtoestand vir die wêreld se kwesbaarste mense inhou, ten einde te verseker dat hul stemme gehoor word en hul behoeftes bo-aan die agenda van die VN se Klimaatsveranderingskonferensie (COP26) in November sal wees."

Ten einde hierdie stemme te versterk, moet hoëronderwysinrigtings regoor die wêreld in klimaatsnavorsing belê. Dit is waarom die Universiteit Stellenbosch (US), waar ek die Rektor en Visekanselier is, onlangs 'n Skool vir Klimaatstudies gevestig het. Ons is ernstig oor ons vermoë om die samelewing positief te beïnvloed. Die US se amptelike visiestelling verklaar dat ons Afrika se voorste navorsingsintensiewe universiteit wil wees wat wêreldwyd as uitnemend, inklusief en innoverend erken word en – wat veral belangrik is – waar ons kennis tot diens van die samelewing bevorder.

Maar versigtig geformuleerde visiestellings beteken niks indien hulle nie deur aksie opgevolg word nie. En op die oomblik dink ek is daar min ander maniere om werklik tot diens van die samelewing te wees as om maniere te vind om die groeiende humanitêre krisis wat deur klimaatsverandering veroorsaak word, te beveg. Die US se Skool vir Klimaatstudies is 'n eerste vir Suid-Afrika en het die status van 'n fakulteit aan 'n universiteit.

So, net soos navorsers wêreldwyd en in Suid-Afrika – ook dié van die US – COVID-19-navorsing in werklike aksie omskep het in die vorm van entstowwe, kan klimaatsnavorsing ook werklik 'n verskil maak.

Dit gaan nie 'n maklike paadjie wees nie, maar daar is geen ompad nie. Klimaatsverandering is hier en ons moet *nou* daadwerklik optree.

Klik hier om die res van die artikel soos deur *News24* geplaas te lees.